basic education

Department:
Basic Education
REPUBLIC OF SOUTH AFRICA

# SENIORSERTIFIKAAT-EKSAMEN/
# NASIONALE SENIORSERTIFIKAAT-EKSAMEN

## REKENINGKUNDE V1

## MEI/JUNIE 2024

**PUNTE: 150**

**TYD: 2 uur**

**Hierdie vraestel bestaan uit 12 bladsye, 'n formuleblad en 'n 10 bladsy-antwoordeboek.**

*Kopiereg voorbehou*

**INSTRUKSIES EN INLIGTING**

Lees die volgende instruksies aandagtig deur en volg dit noukeurig.

1. Beantwoord AL die vrae.
2. 'n Spesiale ANTWOORDEBOEK word verskaf waarin jy AL die vrae moet beantwoord.
3. 'n Formuleblad met Finansiële Aanwysers is aan die einde van hierdie vraestel aangeheg.
4. Toon AL die bewerkings om deelpunte te verdien.
5. Jy mag 'n nieprogrammeerbare sakrekenaar gebruik.
6. Jy mag 'n donker potlood of blou/swart ink gebruik om die vrae te beantwoord.
7. Toon ALLE bewerkings tot EEN desimale punt, waar van toepassing.
8. Skryf netjies en leesbaar.
9. Gebruik die inligting in die tabel hieronder as 'n riglyn wanneer jy die vraestel beantwoord. Probeer om NIE daarvan af te wyk NIE.

| VRAAG | ONDERWERP | PUNTE | MINUTE |
|---|---|---|---|
| **1** | Maatskappy Finansiële State | 55 | 45 |
| **2** | Kontantvloeistaat en Finansiële Aanwysers | 40 | 30 |
| **3** | Vertolking van Finansiële Inligting | 40 | 35 |
| **4** | Korporatiewe Bestuur | 15 | 10 |
| **TOTAAL** | | **150** | **120** |

**VRAAG 1: MAATSKAPPY FINANSIËLE STATE (55 punte; 45 minute)**

Die inligting het betrekking op DBN Bpk. Die maatskappy verkoop huishoudelike produkte. Die finansiële jaar het op 29 Februarie 2024 geëindig.

**GEVRA:**

1.1 **Verwys na Inligting A.**

Die boekhouer het al die inskrywings oor vaste bates in die boeke geboekstaaf. Voltooi die bedrae wat deur **(i)** tot **(iii)** in die Vastebatenota aangedui word. (12)

1.2 **Verwys na Inligting C en D.**

Bereken die korrekte netto wins **ná belasting** vir die jaar geëindig 29 Februarie 2024. Dui (+) vir 'n vermeerdering en (-) vir 'n vermindering langs elke bedrag aan. (13)

1.3 Voltooi die Staat van Finansiële Posisie op 29 Februarie 2024. (30)

**LET WEL:** Sommige bedrae word in die ANTWOORDEBOEK verskaf.

**INLIGTING:**

**A. Vaste bates:**

| | **Geboue R** | **Voertuie R** | **Toerusting R** |
|---|---|---|---|
| Drawaarde: (01/03/2023) | | 249 850 | |
| Kosprys | **(i)** | | 436 000 |
| Opgehoopte waardevermindering | | | |
| Bewegings: | | | |
| Toevoegings (teen kosprys) | 0 | 260 000 | 0 |
| Verkope (teen drawaarde) | (420 000) | 0 | **(iii)** |
| Waardevermindering | | **(ii)** | (32 000) |
| Drawaarde: (29/02/2024) | 9 421 300 | | |
| Kosprys | | 786 000 | 356 000 |
| Opgehoopte waardevermindering | | | |

- Waardevermindering word soos volg bereken:
  - Voertuie: 15% p.j. op kosprys
  - Toerusting: 20% op die verminderdesaldo-metode
- 'n Nuwe voertuig is op 1 Oktober 2023 aangekoop.
- Uittreksel uit die Vastebateregister ten opsigte van toerusting verkoop:

| **KINOPA MWALIMU 234** | |
|---|---|
| Kosprys: R80 000 | |
| Datum aangekoop: 1 September 2021 | |
| Datum verkoop: 31 Mei 2023 | Verkoop vir: R53 000 |
| | **DRAWAARDE** |
| 28 Februarie 2022 | R72 000 |
| 28 Februarie 2023 | R57 600 |
| 31 Mei 2023 | **?** |

**B. Saldo's op 29 Februarie 2024:**

| | |
|---|---|
| Vaste bates teen drawaarde | R9 952 480 |
| Gewone aandelekapitaal | **?** |
| Behoue inkomste | **?** |
| Lening: PTA Bank | **?** |
| Vaste deposito | 425 000 |
| Handelsvoorraad | 1 064 200 |
| Netto handelsdebiteure | 744 900 |
| Krediteurekontrole | 518 950 |
| SAID: Inkomstebelasting (voorlopige belastingbetalings) | 322 800 |

**C.** Die boekhouer het die netto wins voor belasting as **R1 150 000** bereken. Die vooraansuiweringsaldo's wat nog aangesuiwer moet word, is:

| | |
|---|---|
| Ouditfooie | R144 000 |
| Handelsvoorraad | 1 064 200 |
| Huurinkomste | 287 300 |
| Direkteursgelde | 852 800 |

Slegs die aansuiwerings hieronder moet nog in berekening gebring word.

(i) Ouditfooie van R45 600 was nog op 29 Februarie 2024 verskuldig.

(ii) 'n 100 komberse is aan 'n kinderhospitaal geskenk, maar hierdie skenking/ donasie is nie geboekstaaf nie. Die besigheid gebruik die geweegde-gemiddelde-metode om komberse te waardeer. Komberse se voorraadrekords toon die volgende:

| | **Getal (eenhede)** | **Eenheids-prys** | **Totale koste** |
|---|---|---|---|
| **Aankope gedurende die jaar:** | 1 500 | | R603 000 |
| 15 April 2023 | 600 | R330,00 | 198 000 |
| 22 Junie 2023 | 900 | R450,00 | 405 000 |
| **Verkope** | 1 220 | | |
| Voorraad voorhande: 29 Feb. 2024 | 280 | | |

(iii) Huur is vanaf 1 Januarie 2024 met R1 300 per maand verhoog. Slegs die huur vir die periode 1 Maart 2023 tot 31 Januarie 2024 is ontvang en geboekstaaf.

(iv) Die maatskappy het een direkteur, Jenny, aan die begin van die finansiële jaar gehad. Jenny is vir twee maande vooruit betaal. 'n Tweede direkteur, Frank, is op 1 Desember 2023 aangestel. Sy maandelikse gelde is 20% laer as Jenny s'n. Frank het die gelde wat hom toekom, ontvang.

**D. Inkomstebelasting:**

Die belastingaanslag van SAID toon die totale inkomstebelasting vir die finansiële jaar as R351 000, nadat al die aansuiwerings gedoen is.

**E. Aandelekapitaal en dividende:**

| DATUM | BESONDERHEDE |
|---|---|
| 1 Maart 2023 | 2 120 000 uitgereikte aandele |
| 30 Junie 2023 | 230 000 aandele teruggekoop: Die gemiddelde aandeleprys op die terugkoopdatum was R5,90 |
| 29 Februarie 2024 | 1 890 000 uitgereikte aandele |

- Tussentydse dividende is nie gedurende die finansiële jaar verklaar nie.
- Finale dividende van 25c per aandeel is op 29 Februarie 2024 op al die aandele in die aandeleregister verklaar.

**F. Oordrag van debiteur se saldo na die Krediteuregrootboek:**

'n Debiteur met 'n debietsaldo van R8 400 in die Debiteuregrootboek moet nog na sy rekening in die Krediteuregrootboek oorgedra word.

**G. Lening: PTA Bank**

Uittreksel uit die Leningstaat van PTA Bank:

| | |
|---|---|
| Saldo op 1 Maart 2023 | R1 400 000 |
| Terugbetalings vir die finansiële jaar (rente ingesluit) | **?** |
| Rente gekapitaliseer | 168 000 |
| Saldo op 29 Februarie 2024 | 1 004 000 |

**LET WEL:**
- Al die inskrywings vir die terugbetalings en rente is gemaak.
- Direkteure verwag om die kapitaalterugbetalings wat in hierdie jaar gemaak is, gedurende die volgende finansiële jaar te handhaaf.

**55**

## VRAAG 2: KONTANTVLOEISTAAT EN FINANSIËLE AANWYSERS

**(40 punte; 30 minute)**

**BEGRIPPE**

2.1 Kies die korrekte woord(e) uit dié wat tussen hakies gegee is. Skryf slegs die woord(e) langs die vraagnommers (2.1.1 tot 2.1.3) in die ANTWOORDEBOEK neer.

2.1.1 Die bedryfsverhouding is 'n finansiële aanwyser wat op die (likiditeit/solvensie) van 'n maatskappy betrekking het.

2.1.2 'n Verhoging in 'n vaste deposito sal 'n (invloei/uitvloei) van kontant in die Kontantvloeistaat tot gevolg hê.

2.1.3 'n Vermindering in voorrade sal 'n (invloei/uitvloei) van kontant in die Kontantvloeistaat tot gevolg hê. (3)

**JINGLE BPK.**

Die inligting het betrekking op die finansiële jaar geëindig 29 Februarie 2024.

**GEVRA:**

2.2 Stel die Behoue-inkomste-nota op vir die finansiële jaar geëindig 29 Februarie 2024. (8)

2.3 Verwys na die gedeeltelik voltooide Kontantvloeistaat wat verskaf is. Bereken en/of verskaf die syfers aangedui deur **(i)** tot **(v)**. (17)

2.4 Bereken die volgende finansiële aanwysers vir die finansiële jaar geëindig 29 Februarie 2024:

- Vuurproefverhouding (4)
- Tussentydse dividend per aandeel (in sent) (4)
- % opbrengs op gemiddelde aandeelhouersbelang (OOAB) (4)

**INLIGTING:**

**A. Aandelekapitaal:**

| Getal aandele | Besonderhede |
|---|---|
| 1 450 000 | Uitgereikte aandele op 1 Maart 2023 |
| 30 000 | Aandele teruggekoop op 1 Junie 2023, teen R3,70 meer as die gemiddelde aandeleprys |
| 250 000 | Aandele uitgereik op 1 November 2023, teen R17,20 per aandeel |
| 1 670 000 | Uitgereikte aandele op 29 Februarie 2024 |

**B. Dividende:**

- Tussentydse dividende is op 31 Augustus 2023 aan alle aandele in die aandeleregister betaal.
- 'n Finale dividend is op 29 Februarie 2024 verklaar.

**C.** **Uittreksel uit die Staat van Omvattende Inkomste vir die jaar geëindig 29 Februarie 2024:**

| | |
|---|---|
| Waardevermindering | R1 620 000 |
| Bedryfswins | 4 826 000 |
| Rente op lenings | 966 000 |
| Inkomstebelasting (teen 'n koers van 30%) | 1 950 000 |

**D.** **Uittreksel uit die Staat van Finansiële Posisie op 28/29 Februarie:**

| | **2024** | **2023** |
|---|---|---|
| Vaste bates teen drawaarde | R43 095 000 | R39 365 000 |
| Bedryfsbates (Nota 1) | 9 623 000 | 8 029 000 |
| Bedryfslaste (Nota 2) | 18 310 000 | 12 044 000 |
| **Aandeelhoursbelang** | **28 248 000** | **25 729 000** |
| Gewone aandelekapitaal | **?** | 22 910 000 |
| Behoue inkomste | **?** | 2 819 000 |

**Nota 1: Items onder Bedryfsbates ingesluit**

| | **2024** | **2023** |
|---|---|---|
| Voorrade | R4 190 000 | R3 883 000 |
| Kontant & kontantekwivalente | 55 000 | 1 030 000 |

**Nota 2: Items onder Bedryfslaste ingesluit**

| | **2024** | **2023** |
|---|---|---|
| Aandeelhouers vir dividende | R2 338 000 | R2 320 000 |
| SAID: Inkomstebelasting | 115 000 | 86 000 |
| Bankoortrekking | 3 274 000 | 0 |

**E.** **Vaste bates:**

- 'n Voertuig is teen drawaarde verkoop.
- Vaste bates is ook gedurende die finansiële jaar aangekoop.

**F.** **Gedeeltelik voltooide Kontantvloeistaat op 29 Februarie 2024:**

| | |
|---|---|
| **Kontantgevolge van bedryfsaktiwiteite** | |
| **Kontant gegenereer uit bedrywighede** | |
| Rente betaal | (966 000) |
| Dividende betaal | (5 728 000) |
| **?** | **(i)** |
| **Kontantgevolge van beleggingsaktiwiteite** | |
| **?** | **(ii)** |
| Opbrengs uit die verkoop van vaste bates | 232 000 |
| Verandering in beleggings | |
| **Kontantgevolge van finansieringsaktiwiteite** | |
| **?** | **(iii)** |
| **?** | **(iv)** |
| Verandering in lenings | |
| **Netto verandering in kontant & kontantekwivalente** | |
| **Kontant & kontantekwivalente op 1 Maart 2023** | 1 030 000 |
| **?** | **(v)** |

**40**

## VRAAG 3: VERTOLKING VAN FINANSIËLE INLIGTING

**(40 punte; 35 minute)**

Die inligting het betrekking op Britesun Bpk. Die maatskappy verkoop sonpanele van 'n hoë gehalte aan besighede en huiseienaars om elektrisiteit op te wek. Die finansiële jaar eindig op 28/29 Februarie elke jaar.

**GEVRA:**

**LET WEL:** Waar kommentaar of verduidelikings gevra word, moet jy:

- Finansiële aanwysers en tendense, met syfers, aanhaal
- 'n Rede of 'n verduideliking vir die betrokke finansiële aanwyser(s) verskaf

3.1 **Winsopslagpersentasie:**

Verduidelik hoe die kliënte op die verandering in die winsopslagpersentasie gereageer het en of dit die maatskappy bevoordeel het of nie. (4)

3.2 **Winsgewendheid en bedryfsdoeltreffendheid:**

Lewer kommentaar op die bedryfsdoeltreffendheid van die maatskappy oor die afgelope twee jaar. Haal TWEE finansiële aanwysers aan. (4)

3.3 **Finansiële risiko en hefboomfinansiering:**

3.3.1 Een van die aandeelhouers kan nie verstaan waarom die skuld-ekwiteit-verhouding in 2024 vermeerder het ten spyte van die toename in die lening nie. Gee hom 'n verduideliking hiervoor. (2)

3.3.2 Die hoof- finansiële beampte (HFB) is van mening dat die verhoging in die lening 'n goeie besluit was. Afgesien van die skuld-ekwiteit-verhouding, verskaf TWEE punte om sy opinie te ondersteun, EEN relevante finansiële aanwyser ingesluit. (4)

3.4 **Opbrengste, verdienste en dividende:**

3.4.1 Lewer kommentaar daarop of die aandeelhouers tevrede behoort te wees met die opbrengs op hulle belegging. Verskaf TWEE punte, EEN finansiële aanwyser ingesluit. (4)

3.4.2 Lewer kommentaar op die verdienste per aandeel (VPA) en verduidelik die impak daarvan op die dividenduitbetalingsbeleid wat die direkteure aangeneem het. (4)

3.5 **Aandeleprys op die aandelebeurs:**

Lewer kommentaar op die aandeleprys se prestasie op die aandelebeurs (JSE). Verskaf TWEE punte, met syfers en tendense. (4)

3.6 **Aandeelhouding van Allan Ashwin:**

3.6.1 Allan Ashwin besit aandele in Britesun Bpk. Hy is tevrede met sy belegging in hierdie maatskappy se aandele. Verskaf TWEE punte, met syfers of berekeninge, wat sy mening ondersteun. (4)

3.6.2 Die maatskappy beplan om in die volgende finansiële jaar addisionele nuwe aandele, gelykstaande aan 20% van die uitgereikte aandelekapitaal, aan bestaande aandeelhouers uit te reik. Allan het aangedui dat hy nie hierdie aanbod sal aanvaar nie. Verduidelik hoe hierdie besluit sy % aandeelhouding sal beïnvloed. Verskaf 'n berekening of syfers om jou verduideliking te ondersteun. (6)

3.7 **Bonusse vir direkteure en ander werknemers van Britesun Bpk.:**

Bonusse vir direkteure en ander werknemers is by die maatskappy se begroting ingesluit. Aandeelhouers sal by die AJV gevra word om te stem of die bonusse uitbetaal moet word of nie.

Afgesien van die punte hierbo verskaf, noem TWEE verskillende faktore wat aandeelhouers se stemme om hierdie bonusse goed te keur, sal beïnvloed. (4)

**INLIGTING:**

**A. Finansiële aanwysers en addisionele inligting:**

| | **29 Feb. 2024** | **28 Feb. 2023** |
|---|---|---|
| Bedryfsverhouding | 1,8 : 1 | 4,3 : 1 |
| Vuurproefverhouding | 0,9 : 1 | 2,5 : 1 |
| Skuld-ekwiteit-verhouding | 0,2 : 1 | 0,3 : 1 |
| Verdienste per aandeel (VPA) | 224 sent | 113 sent |
| Dividende per aandeel (DPA) | 90 sent | 90 sent |
| Dividenduitbetalingskoers | 40% | 80% |
| % opbrengs op gemiddelde aandeelhouersbelang (OOAB) | 15,6% | 8,0% |
| % opbrengs op totale kapitaal aangewend (OOTKA) | 19,7% | 11,0% |
| Netto batewaarde per aandeel (NBW) | 1 543 sent | 1 413 sent |
| Solvensieverhouding | 2,5 : 1 | 3,6 : 1 |
| % bedryfsuitgawes op verkope | 22,0% | 28,0% |
| % bedryfswins op verkope | 15,6% | 10,2% |
| % netto wins na belasting op verkope | 13,5% | 8,8% |
| % winsopslag | 60% | 40% |
| | | |
| Getal direkteure en ander werknemers | 38 | 43 |
| Getal kliënte | 245 | 280 |
| Gemiddelde verkope per kliënt | R160 000 | R120 000 |
| | | |
| Markprys van aandele op JSE | 1 610 sent | 1 342 sent |
| % rente op beleggings | 7% | 7% |
| % rente op lenings | 13% | 13% |

**B. Uittreksel uit Kontantvloeistaat**

| | **29 Feb. 2024** | **28 Feb. 2023** |
|---|---|---|
| Kontant gegenereer uit bedrywighede | R6 785 000 | R3 863 500 |
| Opbrengs van uitgereikte aandele | R2 800 000 | 0 |
| Verhoging in lening | R1 000 000 | R4 000 000 |
| Vaste bates aangekoop | 0 | R750 000 |
| Vaste bates verkoop* | R1 100 000 | 0 |
| *Onproduktiewe vaste bates is verkoop. | | |

**C. Aandeelhouding van Allan Ashwin in Britesun Bpk.:**

| | **Britesun Bpk.** |
|---|---|
| Uitgereikte aandele op 29 Februarie 2024 | 700 000 |
| Aantal aandele deur Ashwin besit | 360 000 |
| Aankoopprys per aandeel wat Ashwin betaal het | 780 sent |
| Dividende per aandeel verdien | 90 sent |

**40**

**VRAAG 4: KORPORATIEWE BESTUUR** **(15 punte; 10 minute)**

Jy word voorsien van 'n media-artikel wat op Gadram Bpk. betrekking het.

**GEVRA:**

4.1 **Verwys na Paragraaf 4.**

Die drie direksielede wat by hierdie saak geïmpliseer word, besit elkeen 150 000 aandele. Bereken die verlies wat Loma en elk van die twee direkteure kon vermy deur hulle aandele op 13 April 2023 te verkoop. (3)

4.2 **Verwys na Paragraaf 3.**

- Verduidelik waarom die teksboodskap so belangrik vir die ondersoekers is. (2)
- Verduidelik waarom jy dink dat daar na hierdie misdaad as 'binnehandel' verwys word. (2)

4.3 Verduidelik hoe die vinnige daling in die aandeleprys en die bedrieglike finansiële state moontlik die bestaande aandeelhouers en die werknemers kan beïnvloed. (4)

4.4 As jy 'n aandeelhouer in Gadram Bpk. was, watter ander vrae sou jy by die AJV gevra het? Verduidelik TWEE punte. (4)

Kopiereg voorbehou 

**INLIGTING:**

Gebruik die inligting in die artikel en jou kennis van maatskappye om die vrae te beantwoord.

**SOSIALE MEDIA LIG DIE SLUIER OOR GROOTSKAALSE BINNEHANDEL**

**Paragraaf 1**

Bizmiz Nuus het verlede maand berig oor die weerhouding-ouditverslag wat Gadram Bpk. ontvang het en dat 'n polisie-ondersoek na die vals finansiële state onlangs begin is. Maar dit is egter nie die einde van die maatskappy se probleme nie.

**Paragraaf 2**

Die Finansiële Sektor Gedragsowerheid ('FSCA') het in Maart 2024 vir Loma Leonard HUB (hoof- uitvoerende beampte) van Gadram Bpk., 'n R50 mijoen-boete opgelê vir die oortreding van die Wet op Finansiële Markte (Wet 19 van 2012) toe hy teksboodskappe aan twee direkteure gestuur het, waarin hy hulle gewaarsku het om hulle Gadram-aandele te verkoop.

**Paragraaf 3**

Loma se inkriminerende boodskap het gelui: 'Jy vra altyd my mening. Dit sal Gadram baie lank neem om van al die slegte nuus ontslae te raak. Verkoop jou aandele dadelik teen die huidige prys. Vee dadelik hierdie boodskap uit en moet vir niemand vertel nie.'

**Paragraaf 4**

Die 'FSCA' het met hulle besluit oor die boete in ag geneem dat Loma die boodskap op 10 April 2023 gestuur het en dat die drie direksielede, Loma en die twee direkteure, hulle aandele op 13 April 2023 teen R105,00 per aandeel op die JSE verkoop het. Die gevolglike drastiese daling tot R8,00 per aandeel in die aandele se markprys het in die volgende twee dae plaasgevind.

**15**

**TOTAAL: 150**

| GRAAD 12 REKENINGKUNDE FORMULEBLAD MET FINANSIËLE AANWYSERS | |
|---|---|
| $\frac{\text{Bruto wins}}{\text{Verkope}} \times \frac{100}{1}$ | $\frac{\text{Bruto wins}}{\text{Koste van verkope}} \times \frac{100}{1}$ |
| $\frac{\text{Netto wins voor belasting}}{\text{Verkope}} \times \frac{100}{1}$ | $\frac{\text{Netto wins na belasting}}{\text{Verkope}} \times \frac{100}{1}$ |
| $\frac{\text{Bedryfsuitgawes}}{\text{Verkope}} \times \frac{100}{1}$ | $\frac{\text{Bedryfswins}}{\text{Verkope}} \times \frac{100}{1}$ |
| Totale bates **:** Totale laste | Bedryfsbates **:** Bedryfslaste |
| (Bedryfsbates – Voorraad) **:** Bedryfslaste | Niebedryfslaste **:** Aandeelhouersbelang |
| (Handel & ander ontvangbare bedrae + Kontant & kontantekwivalente) **:** Bedryfslaste | |
| $\frac{\text{Gemiddelde handelsvoorraad}}{\text{Koste van verkope}} \times \frac{365}{1}$ (Sien Nota 1 hieronder) | $\frac{\text{Koste van verkope}}{\text{Gemiddelde handelsvoorraad}}$ |
| $\frac{\text{Gemiddelde debiteure}}{\text{Kredietverkope}} \times \frac{365}{1}$ | $\frac{\text{Gemiddelde krediteure}}{\text{Koste van verkope}} \times \frac{365}{1}$ (Sien Nota 2 hieronder) |
| $\frac{\text{Netto inkomste na belasting}}{\text{Gemiddelde aandeelhouersbelang}} \times \frac{100}{1}$ | $\frac{\text{Netto inkomste na belasting}}{\text{Getal uitgereikte aandele}} \times \frac{100}{1}$ (Sien Nota 3 hieronder) |
| $\frac{\text{Netto inkomste voor belasting + Rente op lenings}}{\text{Gemiddelde aandeelhouersbelang + Gemiddelde niebedryfslaste}} \times \frac{100}{1}$ | |
| $\frac{\text{Aandeelhouersbelang}}{\text{Getal uitgereikte aandele}} \times \frac{100}{1}$ | $\frac{\text{Dividende vir die jaar}}{\text{Getal uitgereikte aandele}} \times \frac{100}{1}$ |
| $\frac{\text{Tussentydse dividende}}{\text{Getal uitgereikte aandele}} \times \frac{100}{1}$ | $\frac{\text{Finale dividende}}{\text{Getal uitgereikte aandele}} \times \frac{100}{1}$ |
| $\frac{\text{Dividende per aandeel}}{\text{Verdienste per aandeel}} \times \frac{100}{1}$ | $\frac{\text{Dividende vir die jaar}}{\text{Netto inkomste na belasting}} \times \frac{100}{1}$ |
| $\frac{\text{Totale vaste koste}}{\text{Verkoopprys per eenheid – Veranderlike koste per eenheid}}$ | |

**LET WEL:**
1. Handelsvoorraad aan die einde van 'n finansiële jaar kan gebruik word as dit in 'n vraag vereis word.
2. Kredietaankope kan gebruik word in plaas van koste van verkope (syfers sal dieselfde wees mits voorraad konstant bly).
3. Indien daar 'n verandering in die aantal uitgereikte aandele gedurende 'n finansiële jaar is, word die geweegdegemiddelde getal aandele in die praktyk gebruik.

Kopiereg voorbehou

PLAKKER

**SENTRUMNOMMER**

| | | | | | | | |
|---|---|---|---|---|---|---|---|
| | | | | | | | |

**EKSAMENNOMMER**

| | | | | | | | | | | | | |
|---|---|---|---|---|---|---|---|---|---|---|---|---|
| | | | | | | | | | | | | |

# SENIORSERTIFIKAAT-EKSAMEN/
# NASIONALE SENIORSERTIFIKAAT-EKSAMEN

# REKENINGKUNDE V1

# GRAAD 12

# MEI/JUNIE 2024

## *SPESIALE ANTWOORDEBOEK*

| VRAAG | PUNTE | PARAAF | MOD. |
|---|---|---|---|
| 1 | | | |
| 2 | | | |
| 3 | | | |
| 4 | | | |
| TOTAAL | | | |

**Hierdie antwoordeboek bestaan uit 10 bladsye.**

*Kopiereg voorbehou*

## VRAAG 1

### 1.1 VASTE BATES

(i)

| Bereken: Kosprys van geboue aan die begin van die jaar | |
|---|---|
| **BEWERKINGS** | **ANTWOORD** |
| | |

2

(ii)

| Bereken: Waardevermindering op voertuie | |
|---|---|
| **BEWERKINGS** | **ANTWOORD** |
| | |

6

(iii)

| Bereken: Drawaarde van toerusting verkoop/vervreem | |
|---|---|
| **BEWERKINGS** | **ANTWOORD** |
| | |

4

### 1.2 KORREKTE NETTO WINS NA BELASTING VIR DIE JAAR

| | |
|---|---|
| **Foutiewe netto wins voor belasting** | **1 150 000** |
| | |
| | |
| | |
| | |
| **Netto wins voor belasting** | |
| | |
| **Netto wins ná belasting** | |

13

## 1.3 STAAT VAN FINANSIËLE POSISIE OP 29 FEBRUARIE 2024

**BATES**

| | |
|---|---|
| **NIE-BEDRYFSBATES** | **10 377 480** |
| **Vaste bates** | **9 952 480** |
| **Belegging: Vaste deposito** | **425 000** |
| **BEDRYFSBATES** | |
| | |
| | |
| **Kontant en kontantekwivalente** | **1 956 220** |
| **TOTALE BATES** | |

**EKWITEIT EN LASTE**

| | |
|---|---|
| **GEWONE AANDEELHOUERSBELANG** | |
| | |
| **Behoue inkomste** | |
| **NIE-BEDRYFSLASTE** | |
| | |
| **BEDRYFSLASTE** | |
| | |
| | |
| | |
| | |
| **TOTALE EKWITEIT EN LASTE** | |

| |
|---|
| |
| **30** |

| **TOTALE PUNTE** |
|---|
| |
| **55** |

## VRAAG 2

**2.1**

| | |
|---|---|
| **2.1.1** | |
| **2.1.2** | |
| **2.1.3** | |

| |
|---|
| |
| **3** |

**2.2 BEHOUE-INKOMSTE-NOTA**

| | |
|---|---|
| **Saldo aan die begin van die jaar** | **2 819 000** |
| | |
| | |
| **Gewone aandele-dividende** | |
| | |
| **Finale dividende** | **2 338 000** |
| **Saldo aan die einde van die jaar** | |

| |
|---|
| |
| **8** |

**2.3 KONTANTVLOEISTAAT VIR DIE JAAR GEËINDIG 29 FEBRUARIE 2024**

| | |
|---|---|
| **Kontantgevolge van bedryfsaktiwiteite** | |
| **Kontant gegenereer uit bedrywighede** | |
| **Rente betaal** | **(966 000)** |
| **Dividende betaal** | **(5 728 000)** |
| **(i)** | |
| **Kontantgevolge van beleggingsaktiwiteite** | |
| **(ii)** | |
| **Opbrengs uit verkoop van vaste bates** | **232 000** |
| **Verandering in beleggings** | |
| **Kontantgevolge van finansieringsaktiwiteite** | |
| **(iii)** | |
| **(iv)** | |
| **Verandering in lenings** | |
| **Netto verandering in kontant & kontantekwivalente** | |
| **Kontant & kontantekwivalente op 1 Maart 2023** | **1 030 000** |
| **(v)** | |

| |
|---|
| |
| **17** |

**2.4 Bereken die volgende finansiële aanwysers vir die finansiële jaar geëindig 29 Februarie 2024:**

| **Vuurproefverhouding** | |
|---|---|
| **BEWERKINGS** | **ANTWOORD** |
| | |

| |
|---|
| |
| **4** |

| **Tussentydse dividend per aandeel (in sent)** | |
|---|---|
| **BEWERKINGS** | **ANTWOORD** |
| | |

| |
|---|
| |
| **4** |

| **% opbrengs op gemiddelde aandeelhouersbelang (OOAB)** | |
|---|---|
| **BEWERKINGS** | **ANTWOORD** |
| | |

| |
|---|
| |
| **4** |

| **TOTALE PUNTE** |
|---|
| |
| **40** |

## VRAAG 3

**3.1** **Verduidelik hoe die kliënte op die verandering in die winsopslagpersentasie gereageer het en of dit die maatskappy bevoordeel het of nie.**

| |
|---|
| |

**4**

**3.2** **Lewer kommentaar op die bedryfsdoeltreffendheid van die maatskappy oor die afgelope twee jaar. Haal TWEE finansiële aanwysers aan.**

| |
|---|
| |

**4**

**3.3.1** **Een van die aandeelhouers kan nie verstaan waarom die skuld-ekwiteit-verhouding in 2024 vermeerder het ten spyte van die toename in die lening nie. Gee hom 'n verduideliking hiervoor.**

| |
|---|
| |

**2**

**3.3.2** **Die hoof- finansiële beampte (HFB) is van mening dat die verhoging in die lening 'n goeie besluit was. Afgesien van die skuld-ekwiteit-verhouding, verskaf TWEE punte om sy opinie te ondersteun, EEN relevante finansiële aanwyser ingesluit.**

| | |
|---|---|
| **PUNT 1** | |
| **PUNT 2** | |

**4**

**3.4.1**

| Lewer kommentaar daarop of die aandeelhouers tevrede behoort te wees met die opbrengs op hulle belegging. Verskaf TWEE punte, EEN relevante finansiële aanwyser ingesluit. | |
|---|---|
| **PUNT 1** | |
| **PUNT 2** | |

| |
|---|
| |
| **4** |

**3.4.2**

| Lewer kommentaar op die verdienste per aandeel (VPA) en verduidelik die impak daarvan op die dividenduitbetalingsbeleid wat die direkteure aangeneem het. | |
|---|---|
| **VERDIENSTE PER AANDEEL** | |
| **DIVIDEND-UITBETALINGS-BELEID** | |

| |
|---|
| |
| **4** |

**3.5**

| Lewer kommentaar op die aandeleprys se prestasie op die aandelebeurs (JSE). Verskaf TWEE punte, met syfers en tendense. | |
|---|---|
| **PUNT 1** | |
| **PUNT 2** | |

| |
|---|
| |
| **4** |

3.6.1

| **Allan Ashwin besit aandele in Britesun Bpk. Hy is tevrede met sy belegging in hierdie maatskappy se aandele. Verskaf TWEE punte, met syfers of berekeninge, wat sy mening ondersteun.** | |
|---|---|
| **PUNT 1** | |
| **PUNT 2** | |

| |
|---|
| |
| **4** |

3.6.2

| **Die maatskappy beplan om in die volgende finansiële jaar addisionele nuwe aandele, gelykstaande aan 20% van die uitgereikte aandelekapitaal, aan bestaande aandeelhouers uit te reik. Allan het aangedui dat hy nie hierdie aanbod sal aanvaar nie. Verduidelik hoe hierdie besluit sy % aandeelhouding sal beïnvloed. Verskaf 'n berekening of syfers om jou verduideliking te ondersteun.** | |
|---|---|
| **BEREKENING** | |
| **VERDUIDELIKING** | |

| |
|---|
| |
| **6** |

3.7

| **Afgesien van die punte hierbo genoem, noem TWEE verskillende faktore wat aandeelhouers se stemme om hierdie bonusse goed te keur, sal beïnvloed.** | |
|---|---|
| **PUNT 1** | |
| **PUNT 2** | |

| |
|---|
| |
| **4** |

| **TOTALE PUNTE** |
|---|
| |
| **40** |

**VRAAG 4**

**4.1**

| **Die drie direksielede wat by hierdie saak geïmpliseer word, besit elkeen 150 000 aandele. Bereken die verlies wat Loma en elk van die twee direkteure kon vermy deur hulle aandele op 13 April 2023 te verkoop.** | |
|---|---|
| **BEWERKINGS** | **ANTWOORD** |
| | |

| |
|---|
| |
| **3** |

**4.2**

| **Verduidelik waarom die teksboodskap so belangrik vir die ondersoekers is.** |
|---|
| |
| **Verduidelik waarom jy dink dat daar na hierdie misdaad as 'binnehandel' verwys word.** |
| |

| |
|---|
| |
| **4** |

**4.3**

| **Verduidelik hoe die vinnige daling in die aandeleprys en die bedrieglike finansiële state moontlik die bestaande aandeelhouers en die werknemers kan beïnvloed.** | |
|---|---|
| **Huidige aandeelhouers** | |
| **Werknemers** | |

| |
|---|
| |
| **4** |

| 4.4 | **As jy 'n aandeelhouer in Gadram Bpk. was, watter ander vrae sou jy by die AJV gevra het? Verduidelik TWEE punte.** | |
|---|---|---|
| | **PUNT 1** | |
| | **PUNT 2** | |

| |
|---|
| |
| **4** |

| **TOTALE PUNTE** |
|---|
| |
| **15** |

**TOTAAL: 150**

basic education

Department:
Basic Education
REPUBLIC OF SOUTH AFRICA

# SENIORSERTIFIKAAT-EKSAMEN/
# NASIONALE SENIORSERTIFIKAAT-EKSAMEN

## REKENINGKUNDE V1

## MEI/JUNIE 2024

## NASIENRIGLYNE

**PUNTE: 150**

**NASIENBEGINSELS:**

1. Tensy anders getoon in die nasienriglyne, is strafpunte vir vreemde items slegs van toepassing indien 'n kandidaat nie punte op 'n ander plek in die vraag vir daardie item verloor het nie (geen vreemde-item-strafpunte vir misplaaste items nie). Geen dubbelpenalisering mag toegepas word nie.
2. Strafpunte vir plasing of swak aanbieding (bv. besonderhede) is slegs van toepassing indien die kandidaat punte vir die bedrae by daardie item(s) verdien het.
3. Tensy anders getoon, ken volpunte toe vir 'n korrekte antwoord. Indien die antwoord foutief is, merk die bewerkings wat getoon is.
4. Indien 'n vooraansuiweringsyfer as 'n finale syfer getoon word, ken die bewerkingspunt toe vir daardie syfer (nie die metodepunt vir die antwoord nie). LW: As syfers in die nasienriglyne vir komponente of bewerkings aangedui word, dra hierdie syfers nie die metodepunt van die finale antwoord ook nie.
5. Tensy anders getoon, moet die positiewe of negatiewe effek van enige syfer in ag geneem word om die punt toe te ken. Indien geen + of – teken of hakie getoon is nie, aanvaar dat die syfer positief is.
6. Waar dit aangedui word, kan deelpunte toegeken word om die verskil in die kwaliteit van kandidate se antwoorde aan te dui.
7. Indien kandidate meer as die verlangde aantal antwoorde verskaf, ondersoek alle antwoorde tot voordeel van die kandidaat. Strafpunte kan toegeken word vir vreemde items indien kandidate volpunte vir 'n vraag gekry het (maks. -2 per vraag)
8. Hierdie nasienriglyne is nie vir verspreiding in die publiek nie, omdat sekere items dalk verkeerde hantering kan impliseer. Aanpassings word gemaak op grond van die nuanses/konteks van sekere vrae.
9. Waar strafpunte toegeken word, kan die finale punte vir daardie afdeling van ŉ vraag nie as 'n negatiewe totaal getoon word nie.
10. Waar metodepunt(e) vir ŉ bewerking toegeken word, moet die nasiener eers die redelikheid van die antwoord ondersoek voordat die punt toegeken word.
11. 'Bewerking' beteken kontroleer bewerking. 'Een deel korrek' beteken bewerking en een deel korrek.
    LW: Kontroleer bewerking moet +, -, x, ÷ wees volgens kandidaat se (geldige) antwoord, of soos in nasienriglyne aangedui.
12. By bewerkings moet geen punte vir bewerkings toegeken word waar die teller & noemer omgeruil is nie. Dit is ook van toepassing op verhoudings.
13. Met die toekenning van metodepunte, maak seker dat kandidate nie volpunte kry vir enige item wat in geheel of gedeeltelik foutief is nie. Dui aan met 'n ☒.
14. Wees bedag daarop dat sommige kandidate geldige alternatiewe buite hierdie nasienriglyne kan gee. Let ook daarop dat een kommentaar meer as een korrekte aspek kan bevat.
15. Kodes: f = vreemde item; p = plasing/aanbieding.

**Hierdie nasienriglyne bestaan uit 10 bladsye.**

## VRAAG 1

### 1.1 VASTE BATES

**(i)**

| Bereken: Kosprys van geboue aan die begin van die jaar | |
|---|---|
| **BEWERKINGS** | **ANTWOORD** |
| 9 421 300 + 420 000<br>Toegewing: 9 421 300 + 420 000 een punt; waar kandidate nie die finale antwoord getoon het nie | 9 841 300 ✓✓ |

**2**

**(ii)**

| Bereken: Waardevermindering op voertuie | |
|---|---|
| **BEWERKINGS** | **ANTWOORD** |
| **Oud** (786 000 – 260 000) twee punte<br>526 000 ✓✓ x [15% x 12/12] ✓ of 15%<br>78 900 drie punte<br><br>**Nuut** 260 000 ✓ x [15% x 5/12] ✓<br>16 250 twee punte | 78 900 drie punte<br>+ 16 250 twee punte<br><br>95 150 ☑<br>een deel korrek<br>beide dele moet bymekaar getel wees |

**6**

**(iii)**

| Bereken: Drawaarde van toerusting verkoop/vervreem | |
|---|---|
| **BEWERKINGS** | **ANTWOORD** |
| 57 600 x [20% x 3/12]<br>57 600 ✓ – 2 880 ✓☑<br>een deel van die bewerkings (hierbo) korrek<br><br>OF<br><br>(8 000 + 14 400 + 2 880)<br>80 000 – 25 280<br>een punt een punt + een m/punt | 54 720 ☑<br>een deel korrek |

**4**

### 1.2 KORREKTE NETTO WINS NA BELASTING VIR DIE JAAR

| | | |
|---|---|---|
| **Foutiewe netto wins voor belasting** | | **1 150 000** |
| Ouditfooie | | – 45 600 ✓ |
| Donasie | 100 x R402 ✓✓<br>(603 000 ÷ 1500) | – 40 200 ☑*<br>AS: x 100 |
| Huurinkomste | 286 000 /11<br>26 000 ✓☑ + 1 300 ✓ | + 27 300 drie punte<br>As finale antw. verkeerd is, merk slegs bewerkings. Kan nie volpunte verdien vir oorbodige bewerkings |
| Direkteursgelde | 852 800 ✓ x [200 /1640] ✓<br>OF 52 000 x 2 OF [925 600 x [2 ÷ 16,4] OF [83 200 x [100 ÷ 80]<br>een punt een punt een punt een punt een punt een punt | + 104 000 ☑* |
| **Netto wins voor belasting** | bewerking; een deel korrek<br>Moet R1 150 000 insluit | 1 195 500 ☑ |
| Inkomstebelasting | aanvaar, sonder hakies of negatiewe teken | – 351 000 ✓ |
| **Netto wins na belasting** | NWnB – IB | 844 500 ☑ |

**13**

*een deel korrek, met korrekte teken; aanvaar hakies vir negatiewe bedrae
AS teken verkeerd is, ken twee punte vir bewerkings toe

## 1.3 STAAT VAN FINANSIËLE POSISIE OP 29 FEBRUARIE 2024

| BATES | |
|---|---|
| **NIE-BEDRYFSBATES** | **10 377 480** |
| **Vaste bates** | **9 952 480** |
| **Belegging: Vaste deposito** | **425 000** |
| **BEDRYFSBATES** bewerking; een deel korrek | 3 848 020 ☑ |
| Voorraad 1 064 200 ✓ – 40 200 ☑ sien 1.2 | 1 024 000 ☑* |
| Handel en ander ontvangbares<br>sien 1.2 sien 1.2<br>744 900 ✓ + 27 300 ☑ + 104 000 ☑ – 8 400 ✓<br>Huurink. Dir.gelde | 867 800 ☑* |
| **Kontant en kontantekwivalente** | **1 956 220** |
| **TOTALE BATES** **10**<br>NBB + BB | 14 225 500 ☑ |

**EKWITEIT EN LASTE**

| | |
|---|---|
| **GEWONE AANDEELHOUERSBELANG** TE+L – BL – NBL | 12 164 650 ☑ |
| Gewone aandelekapitaal | 11 151 000 ✓✓ |
| **Behoue inkomste** **4**<br>Balanseersyfer;<br>aanvaar negatiewe bedrag | 1 013 650 ☑ |
| **NIE-BEDRYFSLASTE** | 608 000 |
| Lening: PTA Bank 564 000 twee punte – 168 000 een punt<br>1 004 000 ✓ – 396 000 ✓✓ ✓ **5** | 608 000 ☑* |
| **BEDRYFSLASTE** | 1 452 850 ☑* |
| Handel en ander betaalbares ouditfooie<br>518 950 ✓ + 45 600 ☑ – 8 400 ✓ | 556 150 ☑* |
| Aandeelhouers vir dividende | 472 500 ✓✓# |
| Korttermyndeel van lening sien NBL | 396 000 ☑# |
| SAID | 28 200 ✓✓# |
| **TOTALE EKWITEIT EN LASTE** **11**<br>sien Totale bates | 14 225 500 ☑ |

*een deel korrek

**30**

# Kontroleer, indien ingesluit in H&AB
-1 vreemde items (maks -2); plasing/aanbieding -1 (maks-1); misplaaste items, ken slegs punte toe vir bewerkings
Let op Nasienbeginsel 11 by die toeken van metodepunte: 'Bewerking' soos per kandidaat se bewerking, tensy anders aangedui.

| **TOTALE PUNTE** | **55** |
|---|---|

## VRAAG 2

**2.1**

| | | |
|---|---|---|
| **2.1.1** | Likiditeit ✓ | |
| **2.1.2** | Uitvloei ✓ | |
| **2.1.3** | Invloei ✓ | **3** |

**2.2** **BEHOUE INKOMSTE-NOTA** *een deel korrek

| | | |
|---|---|---|
| **Saldo aan begin van die jaar** | **2 819 000** | |
| Netto wins na belasting (1 950 000 x 70/30) OF 6 500 000 – 1 950 000 | 4 550 000 | ✓☑* |
| Terugkoop van aandele ignoreer hakies | (111 000) | ✓✓ |
| **Gewone aandele-dividende** ignoreer hakies Tussentyds + finaal | (5 746 000) | ☑ |
| Tussentydse dividend (5 728 000 – 2 320 000) | 3 408 000 | ✓☑* |
| **Finale dividend** | **2 338 000** | |
| **Saldo aan einde van die jaar** moet TvA en GAD aftrek kontroleer bewerking van bo af; | 1 512 000 | ☑* |

**8**

**2.3** **KONTANTVLOEISTAAT VIR DIE JAAR GEËINDIG 29 FEBRUARIE 2024**

# Wees bedag op tekens omgeruil & die gebruik van hakies of grootboekrekeninge

| | | |
|---|---|---|
| **Kontantgevolge van bedryfsaktiwiteite** | | |
| **Kontant gegenereer uit bedrywighede** | | |
| **Rente betaal** | **(966 000)** | |
| **Dividende betaal** | **(5 728 000)** | |
| Inkomstebelasting betaal **(i)**<br>(86 000 ✓ + 1 950 000 ✓ – 115 000 ✓)<br>**OF** – 86 000 – 1 950 000 + 115 000 **4** | (1 921 000) | ☑*# |
| **Kontantgevolge van beleggingsaktiwiteite** | | |
| Vaste bates aangekoop **(ii)**<br>43 095 000 ✓+ 232 000 ✓ + 1 620 000✓ – 39 365 000<br>**OF** – 43 095 000 – 232 000 – 1 620 000 + 39 365 000 ✓ **5** | (5 582 000) | ☑*# |
| **Opbrengs uit die verkoop van vaste bates** | **232 000** | |
| **Verandering in beleggings** | | |
| **Kontantgevolge van finansieringsaktiwiteite** | | |
| Opbrengs uit aandele uitgereik **(iii)** | 4 300 000 | ✓✓ |
| (30 000 x 15,80) (30 000 x 3,70)<br>Aandele teruggekoop 474 000 ✓✓ + 111 000 ☑ sien 2.2<br>**OF** (30 000 x 19,50) drie punte **(iv)** **6** | (585 000) | ☑* |
| **Verandering in lenings** | | |
| **Netto verandering in kontant & kontantekwivalente** | | |
| **Kontant & kontantekwivalente op 1 Maart 2023** | **1 030 000** | |
| Kontant & kontantekwivalente op 29 Februarie 2024 **(v)** **2** | (3 219 000) ✓✓<br>een punt vir korrekte bedrag maar geen hakies | **17** |

***Een deel korrek en tussen hakies; waar geen hakies getoon, ken slegs punte toe vir bewerkings.**

**2.4** **Bereken die volgende finansiële aanwysers vir die finansiële jaar geëindig 29 Februarie 2024:**

| **Vuurproefverhouding** | |
|---|---|
| **BEWERKINGS** | **ANTWOORD** |
| [9 623 000 – 4 190 000] twee punte<br>5 433 000 ✓✓ : 18 310 000 ✓ | 0,3 : 1 ☑<br>een deel korrek<br>formaat: x : 1<br>Aanvaar 0,29: 1 |

**4**

| **Tussentydse dividend per aandeel (in sent)** | |
|---|---|
| **BEWERKINGS** | **ANTWOORD** |
| Sien 2.2<br>3 408 000 ☑ / 1 420 000 ✓✓ x 100<br>(1 450 000 – 30 000) twee punte | 240 sent ☑<br>een deel korrek<br>sente nie verpligtend<br>aanvaar R2,40 |

**4**

| **% Opbrengs op gemiddelde aandeelhouersbelang (OOAB)** | |
|---|---|
| **BEWERKINGS** | **ANTWOORD** |
| Sien 2.2<br>4 550 000 ☑ / ½ (28 248 000✓ + 25 729 000✓) x 100<br>53 977 000 twee punte<br>26 988 500 twee punte | 16,9% ☑<br>een deel korrek<br>moet gemid gebruik (½)<br>%-teken nie nodig;<br>Aanvaar 17%<br><br>Nie aanvaarbaar:<br>0,169 of 0,17 |

**4**

**2.4 Alle bewerkings:**

- Die 'x 100' word NIE aanvaar as 'een deel korrek'
- Merk tellers en noemers as sulks
- GEEN punt word toegeken waar bewerkings by alleenstaande syfers getoon is nie, bv. GEEN punt by R3 408 000 or R4 550 000 indien 'n ander bedrae(e) bygetel of afgetrek is van hierdie bedrae nie.

| **TOTALE PUNTE** | **40** |
|---|---|

## VRAAG 3

**3.1** **Verduidelik hoe die kliënte op die verandering in die winsopslagpersentasie gereageer het en of dit die maatskappy bevoordeel het of nie.**

TWEE toepaslike punte ✓✓ vergelykende syfers ✓✓ deelpunte vir onvolledige/onduidelike antwoorde

- Gemiddelde spandering deur klante het verhoog (van R120 000) tot R160 000, waarskynlik deur beter bemarking of kredietterme.
- Verkoopsinkomste verhoog (van R33,6m) tot R39,2m, ten spyte van 'n verhoging in die % winsgrens.
- Klante het steeds die besigheid ondersteun, ten spyte van die verhoging in die % winsgrens (van 40%) tot 60.
- Daling in die getal klante (van 280) tot 245 / met 35 / met 12,5%.

**4**

**3.2** **Lewer kommentaar op die bedryfsdoeltreffendheid van die maatskappy oor die afgelope twee jaar. Haal TWEE finansiële aanwysers aan.**

TWEE finansiële aanwysers ✓ ✓ syfers en tendense ✓ ✓

- % bedryfsuitgawes op verkope verbeter/verminder (van 28%) tot 22%/ met 6%-punte / met 21,4%
- % bedryfswins op verkope verbeter/verhoog (van 10,2%) tot 15,6% / met 5,4%-punte / met 52,9%
- % netto wins op verkope verbeter/verhoog (van 8,8%) tot 13,5% / met 4,7%-punte / met 53,4%

% Winsgrens word NIE aanvaar NIE

**4**

**3.3.1** **Een van die aandeelhouers kan nie verstaan waarom die skuld-ekwiteit-verhouding in 2024 vermeerder het ten spyte van die toename in die lening nie. Gee aan hom 'n verduideliking hiervoor.**

Rede ✓✓

Die maatskappy het hul aandelekapitaal verhoog / het die lening verhoog.

**2**

**3.3.2** **Die hoof- finansiële beampte (HFB) is van mening dat die verhoging in die lening 'n goeie besluit was. Afgesien van die skuld-ekwiteit-verhouding, verskaf TWEE punte om sy opinie te ondersteun, EEN relevante finansiële aanwyser ingesluit.**

Finansiële aanwyser ✓ syfers en tendense ✓
Verduideliking (vergelyking met rente op lening) ✓✓

| | |
|---|---|
| **PUNT 1** | • % OOTKA verbeter (van 11%) tot 19,7% / met 8,7%-punte / met 79% |
| **PUNT 2** | • Die graad van hefboomfinansiering het van negatief na positief verander. Opbrengs is nou hoër as % rente op lenings van 13% p.j. |

**4**

**3.4.1**

| **Lewer kommentaar daarop of die aandeelhouers tevrede behoort te wees met die opbrengs op hulle belegging. Verduidelik TWEE punte, EEN relevante finansiële aanwyser ingesluit.** | |
|---|---|
| Finansiële aanwyser✓ syfers en tendens ✓<br>Verduideliking (vergelyk met alternatiewe belegging) ✓✓ | |
| **PUNT 1** | % OOAB het aansienlik verbeter (van 8%) tot 15,6% / met 7,6%-punte / met 95% |
| **PUNT 2** | Dit het die opbrengs op meeste ander beleggings by verre uitpresteer (7% p.j.). |

**4**

**3.4.2**

| **Lewer kommentaar op die verdienste per aandeel (VPA) en verduidelik die impak daarvan op die dividenduitbetalingsbeleid wat die direkteure aangeneem het.** | |
|---|---|
| VPA: syfers en tendens ✓ Verduideliking ✓<br>DUK: syfers en tendens ✓ Verduideliking ✓<br>deelpunte vir onvolledige/onduidelike antwoorde | |
| **VERDIENSTE PER AANDEEL** | VPA verhoog (van 113c) tot 224c / met 111c / met 98%. Dit dui op verhoogde winste wat die maatskappy behaal het. |
| **DIVIDEND-UITBETALINGS-BELEID** | Dividenduitbetalings-koers het verminder (van 80%) tot 40% / met 40%-punte/ met 100%, wat die besigheid in staat gestel het om 'n groter deel van die verdienste te behou tot voordeel vir die besigheid, wat dit in die toekoms kan aanwend. |

**4**

**3.5**

| **Lewer kommentaar op die aandeleprys se prestasie op die aandelebeurs (JSE). Noem TWEE punte, met syfers en tendense.** | |
|---|---|
| **PUNT 1** | Markprys van aandele het verbeter (van 1 342c) tot 1 610c / met 268c ✓ a.g.v. goeie opbrengste verdien / positiewe beeld vir die maatskappy.✓ |
| **PUNT 2** | • In 2024 het markprys (1610c) het NBW (1 543c) oortref met 67c✓, wat dui op ŉ goeie /sterk vraag na die aandele.✓<br>**OF**<br>• In 2023 het die NBW (1 413c) markprys (1 342c) met 71c oortref; dui op 'n swak vraag na die aandele.<br><br>**LW: GEEN punte word toegeken as slegs die NBW vir beide jare vergelyk word nie.** |

**3.6.1**

**Allan Ashwin besit aandele in Britesun Bpk. Hy is tevrede met sy belegging in hierdie maatskappy se aandele. Verskaf TWEE punte, met syfers of berekeninge, wat sy mening ondersteun.**

TWEE geldige punte ✓✓ ✓✓ met syfers ✓✓ deelpunte vir onvolledige/onduidelike antwoorde

| | |
|---|---|
| **PUNT 1** | • Sy opbrengs (dividende) is 11,5% (90/780) van die prys wat hy vir die aandele betaal het / hy het R324 000 (360 000 x 90/100) verdien. |
| **PUNT 2** | • Hy het 780c per aandeel betaal wat nou 1 610c werd is. Dis 830c / 106,4% meer as wat hy daarvoor betaal het. Sy opbrengs het van 8% tot 15,6% / met 7,6%-punte / met 95% verhoog.<br>• Die dividendopbrengs op huidige aandeelprys is 5,6% (90/1610) |

**LW: Kontak die DBE IM waar kandidate die Div.opbrengs ("*Div.yield*") (DPA/MP) as 'n antwoord aangebied het.**

**4**

**3.6.2**

**Die maatskappy beplan om in die volgende finansiële jaar addisionele nuwe aandele, gelykstaande aan 20% van die uitgereikte aandelekapitaal, aan bestaande aandeelhouers uit te reik. Allan het aangedui dat hy nie hierdie aanbod sal aanvaar nie. Verduidelik hoe hierdie besluit sy % aandeelhouding sal beïnvloed. Verskaf 'n berekening of syfers om jou verduideliking te ondersteun.**

Wees bedag op gekombineerde verduideliking met syfers en/of berekeninge.
Deelpunte vir onvolledige/onduidelike antwoorde

| | |
|---|---|
| **BEREKENING**<br>Syfers of berekening | • Hy is huidiglik 'n meerderheidsaandeelhouer, want hy besit 51,4% ✓✓ (360 000/700 000) van die aandele.<br>• Sy % aandeelhouding sal daal tot 42,9% ✓✓ (360 000/840 000). |
| **VERDUIDELIKING**<br>Enige EEN punt ✓✓<br>Wees bedag op verduidelikings in die berekening-deel. | • Hy sal nie meer 'n meerderheidsaandeelhouer in die maatskappy wees nie.<br>• Hy kan dus nie meer volle invloed oor besluitneming in die maatskappy uitoefen nie.<br>• Hy kan nie meer 'n verskil in die maatskappy maak nie. |

**6**

**3.7**

**Afgesien van die punte hierbo genoem, noem TWEE verskillende faktore wat aandeelhouers se stemme om hierdie bonusse goed te keur, sal beïnvloed.**

Enige TWEE toepaslike punte ✓✓ ✓✓ deelpunte vir onvolledige/onduidelike antwoorde
Syfers nie 'n vereiste.

| | |
|---|---|
| **PUNT 1** | • Likiditeit / bedryfskapitaal is meer effektief beheer (Bedryfskapitaalverh. 1,8:1, Vuurproef, 0,9:1)<br>• Onproduktiewe vaste bates is verkoop (R1 100 000) wat die maatskappy se kontantvloei kan verbeter. |
| **PUNT 2** | • Kontant uit bedrywighede gegenereer het verhoog (met R2 921 500 / met 75,6%)<br>• Maatskappy se finansiële prestasie het verbeter met minder werknemers en direkteure as in 2023. (van 43 na 38) |

**4**

| **TOTALE PUNTE** | **40** |
|---|---|

## VRAAG 4

**4.1**

| **Die drie Direksielede wat in hierdie saak geïmpliseer word, besit elkeen 150 000 aandele. Bereken die verlies wat Loma en die twee direkteure vermy het deur hul aandele op 13 April 2023 te verkoop.** | |
|---|---|
| **BEWERKINGS** | **ANTWOORD** |
| (R105 – R8)<br>150 000 ✓ x R97 ✓<br>OF 15 750 000 – 1 200 000<br>OF (47 250 – 3 600 000)/3<br>Wees bedag op alternatiewe uiteensetting van bewerkings | R14,55-miljoen ☑<br>OF<br>R14 550 000 |

**3**

**4.2**

**Verduidelik waarom die teksboodskap so belangrik vir die speurders is.**

Enige toepaslike punt ✓✓ Deelpunte vir onvolledige/onduidelike antwoorde

Dit verskaf bewyse dat 'n misdaad gepleeg is / hulle sal presies weet watter direkteure aangekla moet word / die persoon wat inligting gelek het kan maklik nagespeur word / verskaf bewyse van partye betrokke / ondersoekers kan bepaal wat die bedoeling van gedeelde inligting was / dit verskaf eenvormigheid tussen verskillende bronne van bewyse wat die saak teen die geïmpliseerde persone kan versterk.

**Verduidelik waarom jy dink dat hierdie misdaad 'binnehandel' genoem word.**

Enige toepaslike punt ✓✓ Deelpunte vir onvolledige/onduidelike antwoorde

Dit is bedrog gebaseer op private inligting rakende die verhandeling (koop/verkoop) van aandele wat nog nie aan ander rolspelers, wat ook deur hierdie inligting geraak gaan word, bekend is nie. / Die direkteure ('binne'-partye) het toegang tot hierdie inligting gehad wat hulle 'n voordeel bo andere gegee het / die gebruik van sensitiewe inligting vir eie gewin, toon 'n misbruik van mag/posisie.

**4**

**4.3**

**Verduidelik hoe die drastiese en vinnige daling in die aandeleprys, asook die bedrieglike finansiële state moontlik die huidige aandeelhouers en ook die werknemers kan beïnvloed.**

Deelpunte vir onvolledige/onduidelike antwoorde

| | |
|---|---|
| **Huidige aandeelhouers** ✓✓ | Hulle kan hul belegging in die maatskappy verloor / verlies van al hul spaargeld (finansiële verlies) / verlies aan dividende / kan waarskynlik hul aandele verkoop / daar kan dalk nie meer 'n vraag na die aandele wees nie. |
| **Werknemers** ✓✓ | Werknemers kan uit diens gestel (afgelê) word / hul werk verloor / geen werksekerheid meer nie / werkloosheid in die land kan toeneem / werknemers se moraal en produktiwiteit neem af / Verandering in vergoeding en/of byvoordele (verminderde salaris/ byvoordele/bonus) / Kostebesparende maatreëls (afleggings). |

**4**

**4.4 As jy 'n aandeelhouer in Gadram Bpk. was, watter ander vrae sou jy by die AJV gevra het? Verduidelik TWEE punte.**

Enige TWEE toepaslike punte ✓✓ ✓✓ Deelpunte vir onvolledige/onduidelike antwoorde

| | |
|---|---|
| **PUNT 1** | • Was enige van hierdie oortreders se karakters/agtergrond nagegaan voordat hulle op die direksie aangestel is?<br>• Watter dissiplinêre stappe sal deur die maatskappy of die Direksie teen hierdie oortreders ingestel word?<br>• Is dit moontlik om die maatskappy te red / wie gaan die beheer van die maatskappy oorneem?<br>• Kan die verliese op enige wyse van die oortreders herwin word, bv. om op hul bates beslag te lê of dit te verkoop?<br>• Hoe gaan die direksie ingryp om die situasie te red/reg te stel?<br>• Watter stappe/aksie gaan teen hierdie direkteure geneem/ingestel word?<br>• Hoe word die beeld van die maatskappy / die aandeelprys deur hierdie oortredings op die langtermyn geraak?<br>• Sal hierdie saak by die toepaslike professionele instansies gerapporteer word sodat die nodige dissiplinêre stappe teen die oortreders geneem kan word?<br>• Kan die direksie 'n gedetailleerde verduideliking gee van die omstandighede wat tot die weerhouding-ouditverslag gelei het?<br>• Watter maatreëls word ingestel om te verseker dat verslaggewing in die toekoms akkuraat en deursigtig sal wees?<br>• Kan aandeelhouers staat maak op deursigtige en gereelde kommunikasie oor die ondersoek se vordering en bevindings?<br>• Watter impak, indien enige, het die bewerings en ondersoek op die maatskappy se langtermyn strategiese beplanning? |
| **PUNT 2** | |

| |
|---|
| |
| **4** |

| | |
|---|---|
| **TOTALE PUNTE** | **15** |

**TOTAAL: 150**